# TRANSNET MSB BPK.

## PAIA EN POPI-WET

## INLIGTINGSHANDLEIDING

*Hierdie handleiding is gepubliseer kragtens artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) ("PAIA"), wat die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) ("Popi-wet") aanspreek.*

**2026**

# INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE ..... 2
1. INLEIDING ..... 4
2. BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING ..... 4
3. FUNKSIES EN STRUKTUUR VAN TRANSNET ..... 4
3.3. Groepbestuurstruktuur ..... 5
3.4. Bedryfsafdelings ..... 7
3.5. Transnet Nasionale Hawe-owerheid (TNPA) ..... 7
3.6. Transnet Haweterminale (TPT) ..... 7
3.7. Transnet Spoorvrag (TFR) ..... 8
3.8. Transnet Pyplyne (TPL) ..... 8
3.9. Transnet Ingenieurswese (TE) ..... 9
3.10. Transnet Eiendom (TP) ..... 10
3.11. Transnet Spoorinfrastruktuurbestuurder (TRIM) ..... 11
4. INLIGTINGSBEAMPTE EN KONTAKBESONDERHEDE ..... 11
4.4. Interne appèlle ..... 13
5. GIDS VIR INLIGTINGSREGULEERDER ..... 14
6. HOE OM TOEGANG TOT REKORDS TE VERSOEK WAT DEUR TRANSNET GEHOU WORD 15
6.1. Stap 1: Is u geregtig om PAIA te gebruik om toegang te versoek? ..... 15
6.2. Stap 2: Bestaan die versoekte inligting in die vorm van 'n rekord? ..... 16
6.3. Stap 3: Is die rekord in die besit of onder die beheer van Transnet? ..... 16
6.4. Stap 4: Moet u die versoek ingevolge Deel 2 of Deel 3 van PAIA bring? ..... 16
6.5. Stap 5: Soort versoek ..... 16
7. PERSOONLIKE INLIGTING ..... 17
7.1. Persoonlike inligting wat deur Transnet ingewin en verwerk word ..... 17
7.2. Doeleindes vir die verwerking van persoonlike inligting deur Transnet ..... 18
7.3. Datapersone wie se persoonlike inligting deur Transnet verwerk word ..... 19
7.4. Persoonlike inligting wat deur Transnet verwerk word ..... 20
7.5. Spesiale persoonlike inligting wat deur Transnet verwerk word ..... 20
7.6. Ontvangers met wie persoonlike inligting gedeel word ..... 20

7.7. Beplande oorgrensvloei van persoonlike inligting ... 21
7.8. Algemene beskrywing van die IT-sekerheidsmaatreëls wat in Transnet geïmplementeer word ... 22
8. OORWEGING VAN U VERSOEK ... 22
9. VOORGESKREWE GELDE ... 23
10. REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS ... 24
10.1. Afskrifte van rekords wat outomaties gratis beskikbaar is ... 24
10.2. Dokumentasie en inligting betreffende Transnet MSB Bpk. wat gehou word deur die Maatskappye- en Intellektuele Eiendomskommissie ... 24
10.3. Rekords wat outomaties beskikbaar is onderhewig aan betaling van die voorgeskrewe geld ... 25
11. DIENSE BESKIKBAAR AAN DIE PUBLIEK ... 25
11.1. Transnet Nasionale Hawe-owerheid ... 25
11.2. Transnet Pyplyne ... 27
11.3. Transnet Haweterminale ... 27
11.4. Transnet spoorvrag ... 27
11.5. Transnet Ingenieurswese ... 28
11.6. Transnet Eiendomme ... 28
11.7. Transnet Spoorinfrastruktuurbestuur ... 28
13. REKORDS WAT DEUR TRANSNET GEHOU WORD ... 29
13.1. Interne rekords ... 29
13.2. Werknemerrekords ... 29
13.3. Werkverwante rekords ... 30
13.4. Ander partye ... 30
BYLAE 1: VERSOEKVORM – STAATSINSTELLINGS ... 31
BYLAE 2: GELD TEN OPSIGTE VAN STAATSINSTELLINGS ... 36
Deel A – Reproduksie van die Handleiding en rekords ... 36
Deel B – Versoekgeld ... 36
Deel C – Toegangsgeld ... 36
Deel D – Deposito's ... 37
Deel E – Bankbesonderhede vir betaling van geld ... 37

# 1. INLEIDING

1.1. Hierdie inligtingshandleiding ("die Handleiding") is gepubliseer kragtens artikel 14 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) ("PAIA"/"die Wet"), soos gewysig, en spreek die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) ("POPI-wet"), soos gewysig, aan.

1.2. PAIA gee uitvoer aan die bepalings van artikel 32 van die Grondwet, wat die reg van toegang tot inligting wat deur die Staat en deur 'n ander persoon gehou word, wat nodig is vir die uitoefening en/of beskerming van enige reg, uiteensit. Die Popi-wet gee uitvoer aan die reg tot privaatheid ingevolge artikel 14 van die Grondwet.

1.3. Die doel van PAIA is om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid in beide die staat- en privaatsektor te bevorder deur enige persoon die reg van toegang tot inligting te bied om hulle in staat te stel om al hul regte ten volle soos nodig, uit te oefen en te beskerm. Die doel van die Popi-wet is om die beskerming van persoonlike inligting wat deur staats- en privaatinstellings verwerk word, te bevorder.

1.4. Die doel van hierdie Handleiding is om die prosedures wat gevolg en die kriteria wat nagekom moet word, uiteen te sit vir enige persoon (die "versoeker") om toegang tot rekords in besit of onder die beheer van Transnet MSB Bpk. ("Transnet") en sy bedryfsafdelings, te versoek.

# 2. BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING

2.1. Toegang tot hierdie Handleiding kan op die Maatskappy se webwerf by [www.transnet.net](http://www.transnet.net) verkry word, of deur 'n kopie per e-pos by die tersaaklike Adjunk-inligtingsbeampte te versoek, soos voorgeskryf in afdeling 4 hieronder.

2.2. Artikel 110 van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting het wysigings aan die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting ingestel, wat op 1 Julie 2021 in werking getree het. Hierdie Handleiding is bygewerk om daardie wysigings in te sluit, ook die wysigings aan artikel 10 en 14 van PAIA (wat te make het met die beskikbaarheid en publikasie van die PAIA-handleiding) en artikel 25 van PAIA (wat nou bepaal dat 'n versoeker wie se versoek vir toegang tot inligting geweier is, 'n klagte by die Inligtingsreguleerder kan indien).


# 3. FUNKSIES EN STRUKTUUR VAN TRANSNET

3.1. Transnet is 'n grootmaat vragvervoer- en logistieke maatskappy in staatsbesit met die Suid-Afrikaanse regering as enigste aandeelhouer. Transnet bestaan uit

hawens, spoor-, terminale, ingenieurs-, pyplyn- en eiendomsondernemings en bestaan uit die bedryfsafdelings soos aangedui in die onderstaande diagram:

3.2. Bestuurstruktuur:


3.2.1. Die diagram hieronder sit Transnet se bestuurstruktuur uiteen, van die aandeelhouer tot die afdelings se bestuurskomitees en die bedryfseenhede:




*Figuur 1: Transnet se bestuurstruktuur*

## 3.3. Groepbestuurstruktuur

3.3.1. Die groepbestuurskomitee, gelei deur die groepbestuurshoof, is verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van Transnet en sy bedryfsafdelings. Die samestelling van die groepbestuur verskyn hieronder:




]

*Figuur 2: Transnet se groepbestuurstruktuur*

3.3.2. Die groepbestuurskomitee se lede en hul onderskeie portefeuljes word uiteengesit in die tabel hieronder:

| Naam | Portefeulje |
|---|---|
| **Michelle Phillips** | Groepbestuurshoof |
| **Nosipho Maphumulo** | Groephooffinansiëlebeampte |
| **Solly Letsoalo** | Groephoofbedryfsbeampte |
| **Vuledzani Nemukula** | Hoofverkrygingsbeampte |
| **Itumeleng Matsheka** | Hoof van Mensebestuur en Onderrig |
| **Yolisa Kani** | Hoofsakeontwikkelingsbeampte |
| **Sayeeda Khan** | Hoofouditbeampte |
| **Sandra Coetzee** | Hoofregsbeampte |
| **Andrew Shaw** | Hoofstrategiese en Beplanningsbeampte |
| **Pandelani Munyai** | Hoofinligtingsbeampte |
| **Andre Pillay** | Groeptesourier |

| Naam | Portefeulje |
|---|---|
| **Russell Baatjies** | Bestuurshoof, Transnet Spoorvrag |
| **Jabulani Mdaki** | Bestuurshoof, Transnet Haweterminale |
| **Mohammed Abdool** | Bestuurshoof, Transnet Nasionale Hawe-owerheid |
| **Kapei Phahlamohlaka** | Bestuurshoof, Transnet Eiendomme |
| **Sibongiseni Khathi** | Bestuurshoof, Transnet Pyplyne |
| **Bessie Mabunda** | Bestuurshoof, Transnet Ingenieurswese |
| **Moshe Motlohi** | Bestuurshoof, Transnet Spoorinfrastruktuurbestuurder |

## 3.4. Bedryfsafdelings

3.4.1. Transnet se bedryfsafdelings word beskryf in paragraaf 3.5 tot 3.11 hieronder.

## 3.5. Transnet Nasionale Hawe-owerheid (TNPA)

3.5.1. Met ’n totale personeelgetal van 4 168 (permanente kontrakwerknemers inkluis), is die Transnet Nasionale Hawe-owerheid (“TNPA”) verantwoordelik vir die veilige, doelmatige en doeltreffende ekonomiese funksionering van die nasionale hawe-stelsel, wat dit bestuur in ’n posisie as verhuurder. Dit verskaf hawe-infrastruktuur en marine dienste by die agt kommersiële seehawens in Suid-Afrika, synde die hawens van Richardsbaai, Durban, Saldanha, Kaapstad, Gqeberha, Oos-Londen, Mosselbaai en Ngqura.

3.5.2. TNPA word bedryf onder die wetgewende en regulatoriese omgewing wat geskep word deur die Nasionale Wet op Hawens, 2005 (Wet 12 van 2005 (“die NPA”), soos gewysig.

## 3.6. Transnet Haweterminale (TPT)

3.6.1. Transnet Haweterminale (“TPT”) is in 2000 gestig, toe Transnet se toenmalige enkele hawe-afdeling, Portnet, in bedryfs- en verhuringsondernemings verdeel is, naamlik die Suid-Afrikaanse Hawe-bedrywighede (SAPO), wat TPT geword het, en die Nasionale Hawe-owerheid, wat TNPA geword het.

3.6.2. Sedert sy ontstaan het TPT ’n sleutelrol gespeel in die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse regering se uitvoergeleide groeistrategie. Die meeste Suid-Afrikaanse invoer- en uitvoergoedere word deur Suid-Afrika se sewe

(7) logistieke hawens hanteer, naamlik Richardsbaai, Durban, Saldanha, Kaapstad, Gqeberha, Oos-Londen en Ngqura. TPT hanteer die vraghouersektor, grootmaat mineraalkonsultasie en -adviesdienste, geïntegreerde beplanning, stelsels en tegnologie, grootmaat landbou- en Ro-Ro- (*Roll-on/Roll-off*) sektore.

3.6.3. TPT se vernaamste klante verteenwoordig ’n breë spektrum van die ekonomie en sluit die skeepsbedryf, voertuigvervaardigers, landbou-, hout- en bosbouprodukte, die mynboubedryf en uitvoerders van minerale, metale en graniet in.

## 3.7. Transnet Spoorvrag (TFR)

3.7.1. Transnet Spoorvrag (“TFR”) bedryf spoordienste regoor groot korridors in Suid-Afrika, en vervoer ’n wye reeks grootmaat- en algemene vraggoedere, insluitende mynbou-, landbou- en vervaardigingsgoedere, grootmaat vloeistowwe, vraghouervrag en motoreenhede en onderdele vir die uitvoer-, streeks- en binnelandse mark. TFR word erken as ’n swaarvervoer spoorlynoperateur vir grootmaat steenkool en ystererts op uitvoerlyne. TFR se swaarvervoer bedryfsvermoë dek ook die uitvoer van mangaan.

3.7.2. TFR is trots op sy reputasie vir tegnologiese leierskap buite Afrika asook op die kontinent. TFR het homself geposisioneer om ’n winsgewende en volhoubare vragspooronderneming te word, wat help om die Suid-Afrikaanse ekonomie se mededingendheid te dryf.

3.7.3. TFR bied gasvryheidsdienste deur die Bloutrein. Die Bloutreinritte volg ’n roete van 1 600 kilometer tussen Pretoria en Kaapstad.

## 3.8. Transnet Pyplyne (TPL)

3.8.1. Transnet Pyplyne (“TPL”) is die rentmeester van die land se strategiese pyplynbates en bedien twee belangrike nywerhede, synde brandstof en gas, deur petroleum- en gasprodukte oor verskillende afstande te vervoer, en die berging van diesel en petrol by sy Tarltonaanleg in Gauteng. Die onderneming hanteer ’n jaarlikse gemiddelde deurset van ongeveer 17 miljard liter vloeibare brandstof en meer as 500 miljoen kubieke meter metaanrykgas. Die vloeibare produkte sluit in ruolie, asook diesel, loodvry petrol en vliegtuigturbinebrandstowwe.

3.8.2. TPL besit en bedryf ’n pyplynnetwerk van 3 800 km wat deur die KwaZulu-Natal-, Vrystaat-, Gauteng-, Noordwes- en Mpumalangaprovinsie loop. Die netwerk sluit ’n tenkplaas by Tarlton met ’n kapasiteit van 30 miljoen liter in, wat hoofsaaklik vir die opberging en

die verspreiding van vloeibare brandstowwe na Botswana toe gebruik word.

3.8.3. Die gaspyplyn loop vanaf Secunda na Durban via Empangeni. Dit het aftappunte by Newcastle en Richardsbaai, asook met die roete tussen Empangeni en Durban langs. Alle TPL-pyplyne voldoen aan ASME B31.4, ’n Amerikaanse praktykkode met hul deursneë wat in duime aangedui word vanaf ses duim (nominaal 152 mm) tot 24 duim (nominaal 607 mm). Druk in die pyplynnetwerk word op ’n 24-uur-per-dag, 365-dae-per-jaar-grondslag by die TPL se Nasionale Bedryfsentrum (NOC) te Pinetown gemonitor. Die hoofkantoor is geleë in Durban, KwaZulu-Natal.

3.8.5. TPL se klante is al Suid-Afrika se groot brandstofmaatskappye, synde BP, Astron Energy, Engen, Sasol, Shell en Total. TPL het toegang tot die pyplyn- en bergingsgeriewe gebied aan opkomende petroleummaatskappye in swart besit wat tot die petroleumbedryf toetree.

## 3.9. Transnet Ingenieurswese (TE)

3.9.1. Transnet Ingenieurswese (“TE”), as die gevorderde vervaardigingsafdeling van Transnet MSB Bpk., wy sy formidabele menslike en kapitaalhulpbronne aan die navorsing, ontwerp, vervaardiging en instandhouding van lokomotiewe, vragwaens en passasierswaens. Deur sy sewe goedtoegeruste, ISO-gesertifiseerde fabrieke, strek TE se spoorwegklantportefeulje tot in Afrika en die wêreld.

3.9.2. TE het die spoorwegbedryf vir meer as 150 jaar met die verskaffing van lokomotiewe en spoorwaens, en instandhouding bedien. TE is Suid-Afrika se spoorwegbedryf se ruggraat, met strategiese imperatiewe wat daarop konsentreer om die instandhoudings-, herstel- en vernuwings- (MRO-) vennoot van voorkeur vir spoorweg- en verwante toerusting op die Afrikakontinent, ’n oorspronklike toerustingsvervaardiger (OEM) van wêreldklas lokomotiewe en spoorwaens, en logistieke toerusting, en die toonaangewende onderneming in die aandryf van ekonomiese ontwikkeling en groei in Afrika suid van die Sahara en ’n sentrum van uitnemendheid vir die ontwikkeling van tegniese en ingenieursvaardighede in Afrika te wees.

### 3.9.3. TE se vernaamste funksies sluit in:

- Lokomotiefonderneming: TE is die toonaangewende verskaffer van wisselstroom (WS), gelykstroom (GS), diesel- en diesel-elektriese lokomotiewe in Afrika suid van die Sahara en hou steeds sy posisie

as die pasaangeër wat lokomotiefontwerp en -vervaardiging regoor Afrika betref. Benewens die vervaardiging van lokomotiewe, vernuwe dit ook die bestaande vloot en hou dit in stand.

- Spoorwa-onderneming: TE vervaardig en hervervaardig spoorwaens en bied veelsydige en kostedoeltreffende oplossings vir die ontwerp en bou van enige soort spoorwa.
- Spoorwa-onderneming: TE bied innoverende tegnologie om aan elke klant se unieke vereistes te voldoen.
- Instandhoudings- en dienste-onderneming: Bied volledige en aanpasbare instandhoudingsopsies vir alle lokomotiewe en spoorwaens.
- Skool van Ingenieurswese: 'n Goed gevestigde, gerespekteerde en erkende opleidingsinstituut wat konsentreer op die verskaffing van verskeie bevoegdhede in die ingenieursbedryf.

## 3.10. Transnet Eiendom (TP)

3.10.1. Transnet Eiendom ("TP") is op 1 Januarie 2008 gestig deur Eiendom en Transnet-behuising te laat saamsmelt. Toe dit gestig is, het dit 'n strategiese ondersteuningseenheid geword wat konsentreer op groei en 'n korporatiewe sentrumfunksie wat dienste aan die Groep verskaf deur die nie-kern en strategiese eiendomsportefeulje te bestuur hangende die verkoop of gebruik daarvan deur die ondernemings, en deur korporatiewe eiendomsagentskapsdienste te verskaf.

3.10.2. Vandag is TP een van Suid-Afrika se grootste eienaars van eiendom met 'n nasionale voetspoor. TP bestuur 'n eiendomsportefeulje wat gebruik word vir kernbedrywighede en beleggingseiendomme, wat inkomste uit huurders genereer. TP bied voorts ook gespesialiseerde eiendomsdienste wat waardasies, munisipale waardasies, waardasierolontleding, landmeting, die optrek van planne en aktebestuur insluit.

3.10.3. TP se portefeulje kommersiële en wooneiendomme het 'n boekwaarde van R6,5 miljard uit die Transnet-groep se portefeulje van R35 miljard. Die res van die eiendomsportefeulje word deur die ander bedryfsafdelings bestuur. Die kommersiële portefeulje wat deur TP bestuur word, bestaan uit kantore, nywerheids-, kleinhandelgeboue en grond. Die wooneiendomportefeulje bestaan uit leë erwe, individuele wooneenhede en grootmaatbehuising (hotelle, lodges en lynkampe).

3.10.4. Van TP se huurders wat kantoorruimte huur, sluit die Vrystaatse Premierskantoor, die Departement van Gesondheid van die Noord-Kaap, die Direktoraat vir Prioriteitmisdaadondersoek (die Valke) in Gqeberha,

die Stad Kaapstad, die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika en First National Bank in. In die nywerheids- en pakhuisbergingskategorie sluit belangrike huurders in Shoprite, Rovos Rail Tours, Grindrod Intermodal Transport, DHL Koerierdienste en Aspen Pharmacare. Groot kleinhandelhuurders in die oostelike streek sluit in BP, Umlazi Mega City en Barlow Motor Investments.

3.10.5. TP se kroonjuweel, synde die Carlton-inkopiesentrum, spog met huurders wat toonaangewende plaaslike handelsmerke soos Pick n Pay, Woolworths, Timberland, Truworths, Spitz, Mr Price Kiddies, Nedbank, Standard Bank, Capitec Bank, Clicks, McDonald’s, Nando’s en Steers insluit. Terwyl die Carlton-hotel tans nie in bedryf is nie, is daar toekomstige strategiese planne vir die gebied.

### 3.11. Transnet Spoorinfrastruktuurbestuurder (TRIM)

3.11.1. Transnet Spoorinfrastruktuurbestuurder (“TRIM”) is die bedryfsafdeling wat verantwoordelik is vir die bestuur, instandhouding en ontwikkeling van Transnet se nasionale spoorinfrastruktuursnetwerk, met insluiting van spore, sinjale, elektriese infrastruktuur en verwante spoorverwante bates. TRIM verseker die spoornetwerk se beskikbaarheid, betroubaarheid en integriteit wat Transnet se vragspoorbedrywighede en, waar van toepassing, derdeparty-toegang, ondersteun in lyn met die toepaslike wetgewende raamwerk.

## 4. INLIGTINGSBEAMPTE EN KONTAKBESONDERHEDE

4.1. Ingevolge PAIA en die Popi-wet word die bestuurshoof, of gelykstaande amptenaar, van ’n staatsintelling toegewys as die Inligtingsbeampte. Die besonderhede van Transnet se Inligtingsbeampte is soos volg:

| **Inligtingsbeampte** | **Die Groepbestuurshoof, Transnet MSB Bpk.** |
|---|---|
| **Fisiese adres** | Rissikstraat 96, Braamfontein, Johannesburg, 2000 |
| **Telefoon** | +27 11 308 2526 |
| **E-pos** | Paia2@transnet.net |

4.2. Die Groepbestuurshoof het, kragtens artikel 17(3) van PAIA en die Popi-wet, die magte en pligte wat aan hom/haar deur die Wet verleen is, gedelegeer aan die hoofbestuurders (HB’s) van Transnet se bedryfsafdelings, wat die funksies van Adjunk-inligtingsbeamptes vir hul onderskeie bedryfsafdelings sal verrig. Die besonderhede van Transnet se Adjunk-inligtingsbeamptes word hieronder uiteengesit:

| Bedryfsafdeling | Adjunk-inligtingsbeampte se besonderhede |
|---|---|
| **Transnet Vragspoor** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: Girtonweg, Inyandahuis 2, Parktown, JHB<br>Telefoon: +27 11 774 4944<br>E-pos: Paia2@transnet.net |
| **Transnet Ingenieurswese** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: Inyandahuis, Lynettestraat, Kilnerpark, Pretoria<br>Telefoon: +27 12 391 1301<br>E-pos: Paia2@transnet.net |
| **Transnet Nasionale Hawe-owerheid** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: Mendi-gebou, Klubweg van Neptuneweg af, Ngqura-hawe, Gqeberha<br>Telefoon: 041 816 9659<br>E-pos: Paia2@transnet.net; TNPAPAIA@transnet.net |
| **Transnet Haweterminale** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: 2de Vloer, Anton Lembede-straat 202, Durban<br>Telefoon: +27 31 361 6255<br>E-pos: Paia2@transnet.net |
| **Transnet Pyplyne** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: Kamer 807, Anton Lembede-straat 202, Durban<br>Telefoon: +27 31 361 1300<br>E-pos: Paia2@transnet.net |
| **Transnet Eiendomme** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: Commissionerstraat 150, Marshalltown, Johannesburg, 2001<br>Telefoon: 011 308 1034<br>E-pos: Paia2@transnet.net |
| **Transnet Spoor-infrastruktuurbestuur** | **Adjunk-inligtingsbeampte: Bestuurshoof**<br>Adres: Wellingtonstraat 21<br>Parktown, Gauteng, Suid-Afrika<br>Telefoon: 011 544 9535<br>E-pos: Paia2@transnet.net |

4.3. Die Hoofregsamptenaar het magte gedelegeer om die funksies van Adjunk-inligtingsbeampte uit te voer met betrekking tot versoeke wat aan die Transnet-groep (en nie aan 'n spesifieke bedryfsafdeling nie) en aan die Transnet

Korporatiewe Sentrum gerig is. Sodanige versoeke moet soos volg aan die Adjunk-inligtingsbeampte gerig word:

| **Adjunk-inligtingsbeampte** | **Die Hoofregsamptenaar** |
|---|---|
| **Posadres** | Posbus 72501, Parkview, 2122 |
| **Straatadres** | 4de Vloer, Rissikstraat 96, Braamfontein, Johannesburg, 2000 |
| **Telefoon** | +27 11 544 9532 |
| **E-pos** | Paia2@transnet.net |

## 4.4. Interne appèlle

4.4.1. Transnet MSB Bpk. is ʼn staatsentiteit en kwalifiseer as ʼn staatsinstelling soos beoog in paragraaf (b) van die omskrywing van "staatsinstelling" in artikel 1 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (PAIA).

4.4.2. Kragtens artikel 74 van PAIA, is die interne appèlprosedure waarvoor voorsiening gemaak word in Hoofstuk 1 van Deel 4 van PAIA, slegs van toepassing op staatsinstellings waarna in paragraaf (a) van die omskrywing van ʼn staatsinstelling verwys word, synde nasionale of provinsiale departemente.

4.4.3. Aangesien Transnet ʼn staatsinstelling is wat onder paragraaf (b) van die omskrywing van ʼn staatsinstelling val, bestaan daar geen interne appèlmeganisme met betrekking tot besluite wat deur die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte oor versoeke vir toegang tot rekords geneem word nie.

4.4.4. Gevolglik, waar ʼn versoeker of derde party ontevrede is met ʼn besluit wat deur die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte van Transnet geneem is, kan sodanige persoon:

- ʼn klagte by die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika) ingevolge Deel B van Hoofstuk 9 van PAIA indien; of
- ʼn aansoek by ʼn hof doen vir gepaste regsmiddele ingevolge artikel 82 van PAIA.

4.4.5. Enige klagte aan die Inligtingsreguleerder moet op die voorgeskrewe vorm en binne die toepaslike tydsraamwerke wat in PAIA beoog word, ingedien word.

**Klagtes by die Inligtingsreguleerder moet ingedien word by:**

| **Kantoor** | **Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika)** |
|---|---|
| **Fisiese adres** | Woodmead-noord Kantoorpark, Maxwellrylaan 54, Woodmead, Johannesburg, 2191 |
| **Telefoon** | +27 10 023 5200 |
| **Algemene navrae** | enquiries@inforegulator.org.za |
| **PAIA-klagtes** | PAIAcomplaints@inforegulator.org.za<br>helpdesk@inforegulator.org.za |

## 5. GIDS VIR INLIGTINGSREGULEERDER

5.1. Ingevolge artikel 10(1) van PAIA, soos gewysig deur artikel 110 van die Popi-wet, moet die Inligtingsreguleerder die bestaande gids wat deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAHRC) saamgestel is, bywerk en beskikbaar stel, wat sodanige inligting in ’n maklik-verstaanbare vorm en wyse vervat soos wat redelik vereis kan word deur ’n persoon wat enige reg wil uitoefen wat in PAIA en die Popi-wet beoog word.

5.2. Kragtens artikel 10(2) van PAIA (soos gewysig), moet die gids ’n beskrywing insluit van:

- die doelwitte van PAIA en die Popi-wet;
- die wyse en vorm van ’n versoek om toegang tot ’n rekord van ’n staatsinstelling wat in afdeling 11 beoog word, en vir toegang tot ’n rekord van ’n privaat instelling wat in artikel 50 beoog word;
- die hulp wat beskikbaar is by ’n staatsinstelling se Inligtingsbeampte ingevolge PAIA en die Popi-wet;
- die hulp wat beskikbaar is by die Inligtingsreguleerder ingevolge PAIA en die Popi-wet;
- alle regsmiddele wat beskikbaar is met betrekking tot ’n handeling of versuim om te handel ten opsigte van ’n reg of plig wat deur PAIA en die Popi-wet verleen of opgelê is, insluitende hoe om ’n interne appèl in te dien, ’n klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien en ’n aansoek by ’n hof in te stel teen ’n besluit van ’n staatsinstelling se Inligtingsbeampte, ’n besluit oor interne appèl, ’n besluit deur die Inligtingsreguleerder of ’n besluit deur die hoof van ’n privaat instelling;
- die bepalings van artikel 14 en 51 wat vereis dat ’n staatsinstelling en ’n privaat instelling, onderskeidelik, ’n handleiding saamstel, en hoe om toegang tot ’n handleiding te verkry;

- die bepalings van artikel 15 en 52 wat voorsiening maak vir die vrywillige openbaarmaking van kategorieë van rekords deur 'n staatsinstelling en 'n privaat instelling, onderskeidelik;
- die kennisgewings wat ingevolge artikel 22 en 54 oor gelde uitgereik is wat verband hou met versoeke vir toegang; en
- die regulasies wat ingevolge artikel 92 gemaak is.

5.3. Kragtens artikel 10(3) van PAIA (soos gewysig), moet die Inligtingsreguleerder, indien nodig, die gids bywerk en met tussenposes van hoogstens twee jaar publiseer.

5.4. Artikel 10(4) stipuleer dat die gids volgens voorskrif beskikbaar gemaak moet word.

5.5. Sou u enige vrae in hierdie verband hê, moet u die Inligtingsreguleerder asseblief direk kontak by die adres wat in afdeling 4.4 hierbo uiteengesit is.

## 6. HOE OM TOEGANG TOT REKORDS TE VERSOEK WAT DEUR TRANSNET GEHOU WORD

Die onderstaande stappe moet oorweeg word voordat 'n versoek ingedien word.

### 6.1. Stap 1: Is u geregtig om PAIA te gebruik om toegang te versoek?

6.1.1. Neem asseblief kennis van artiekl 7(1) van PAIA, wat verklaar:

*Hierdie Wet is nie van toepassing op 'n rekord van 'n staatsinstelling of 'n privaat instelling as –*

*(a) daardie rekord vir die doel van strafregtelike of siviele prosedures versoek word nie;*

*(b) dit ná die aanvang van sodanige strafregtelike of siviele prosedures versoek word nie, wat ook al die geval mag wees; en*

*(c) enige ander wet voorsiening maak vir die produksie van of toegang tot daardie rekord vir die doel waarna verwys word in paragraaf (a) nie."*

6.1.2. As artiekl 7(1) van toepassing is, mag u nie 'n versoek ingevolge PAIA bring nie. U moet die reëls en prosedures vir die blootlegging van inligting van die tersaaklike regspaneel en die verrigtinge waarby u betrokke is, gebruik.

6.1.3. Neem asseblief ook artikel 45 van PAIA in ag, wat Transnet die reg gee om 'n versoek vir toegang tot 'n rekord te weier as (a) die versoek beuselagtig of kwelsugtig is, of (b) die werk wat die verwerking van die

versoek behels Transnet se hulpbronne wesenlik en onredelik in beslag neem.

### 6.2. Stap 2: Bestaan die versoekte inligting in die vorm van 'n rekord?

6.2.1. Neem asseblief kennis dat PAIA slegs van toepassing is op rekords wat bestaan op die tyd wat die versoek ontvang word.

6.2.2. PAIA dwing niemand om 'n rekord te skep wat nog nie bestaan op die tyd wat die versoek gebring word nie. PAIA kan byvoorbeeld nie gebruik word om redes vir 'n besluit wat deur Transnet geneem is, te verkry as sodanige redes nie aangeteken is nie.

6.2.3. As u nie seker is of die rekord bestaan nie, moet u dit asseblief vir Transnet in die tersaaklike versoekvorm aandui.

### 6.3. Stap 3: Is die rekord in die besit of onder die beheer van Transnet?

6.3.1. Transnet is 'n groot organisasie, en die soektog vir versoekte rekords kan aansienlike tyd, hulpbronne en uitgawes verg. Daar word aangeraai dat versoeke so gedetailleerd moontlik moet wees en 'n verwysingsnommer moet insluit, veral waar die versoek verband hou met tenders.

6.3.2. PAIA bepaal dat die versoekte rekord(s) in besit van of onder die beheer van Transnet moet wees. Vir die doeleindes van PAIA word 'n rekord in besit van of onder die beheer van (a) 'n Transnet-amptenaar, of (b) 'n onafhanklike kontrakteur wat deur Transnet aangestel is, as 'n rekord van Transnet geag. Sou die versoeker nie seker wees of die rekord in die besit of onder die beheer van Transnet is nie, moet dit in die tersaaklike versoekvorm aangedui word.

### 6.4. Stap 4: Moet u die versoek ingevolge Deel 2 of Deel 3 van PAIA bring?

6.4.1. Transnet is 'n staatsinstelling soos aangedui in subartikel (b)(ii) van die omskrywing van 'n staatsinstelling in PAIA. Vir die doeleindes van PAIA moet Transnet altyd as 'n staatsinstelling geag word, selfs waar dit nie 'n "openbare mag" uitoefen nie.

6.4.2. Die bepalings van PAIA wat verband hou met staatsinstellings sal gevolglik altyd van toepassing wees op Transnet.

### 6.5. Stap 5: Soort versoek

6.5.1. Soos hierbo genoem, word Transnet as 'n staatsinstelling vir die doeleindes van PAIA geag.

6.5.2. Versoeke vir toegang tot rekords wat deur Transnet gehou word, moet slegs op die versoekvorm gemaak word wat deur die Wet voorgeskryf word, waarvan 'n afskrif aangeheg is as Bylae 1.

6.5.3. Sou u u inligting op 'n MS Word-weergawe van die versoekvorm wou tik, moet u asseblief 'n e-pos aan die tersaaklike Adjunk-inligtingsbeampte stuur om 'n MS Word-weergawe van die versoekvorm vir u aan te stuur.

# 7. PERSOONLIKE INLIGTING

## 7.1. Persoonlike inligting wat deur Transnet ingewin en verwerk word

7.1.1. Transnet neem die privaatheid en beskerming van persoonlike inligting baie ernstig op en sal slegs persoonlike inligting ooreenkomstig die toepaslike Suid-Afrikaanse wet wat die beskerming van persoonlike inligting beheer, inwin en verwerk. Hiervoor sal persoonlike inligting ooreenkomstig die voorwaardes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting ingewin en verwerk word soos bepaal word deur die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), ("Popi-wet"), soos gewysig. Sonder om die algemene samehang van die voorafgaande te beperk, sal die inwin en verwerking van persoonlike inligting deur Transnet onder andere insluit, om te verseker dat:

- die voorwaardes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting nagekom word;
- die verwerking van persoonlike inligting wettig onderneem word, vir nodige en nie oormatige doeleindes, op 'n wyse wat die regmatige belange van die datapersoon/-persone beskerm en nie inbreuk maak op hul regte nie;
- persoonlike inligting slegs met die toestemming van die datapersoon (of die bevoegde persoon waar die datapersoon 'n minderjarige is) verwerk word. Sodanige toestemming is enige tyd herroepbaar, en op daardie tydstip sal Transnet die verwerking van die persoonlike inligting staak, mits daardie persoonlike inligting sonder toestemming vir 'n wettig erkende doel verwerk mag word soos uiteengesit in die Popi-wet;
- verdere verwerking van persoonlike inligting versoenbaar sal wees met die oorspronklike doel waarvoor dit ingewin is, soos bepaal deur faktore soos die aard van die betrokke inligting, moontlike gevolge van verdere verwerking op die datapersoon, die wyse waarop die inligting ingewin is en die kontraktuele regte en verpligtinge wat tussen Transnet en die datapersoon bestaan;
- uitvoerbare maatreëls redelikerwys geneem word om te verseker dat die persoonlike inligting wat verskaf word, akkuraat, volledig en nie misleidend is nie. In hierdie verband sal die doel waarvoor

die persoonlike inligting ingewin of verder verwerk word, bepaal wat redelikerwys uitvoerbaar is onder die omstandighede; en

- datapersone toegelaat word om hul regte ingevolge die Popi-wet met betrekking tot hul persoonlike inligting uit te oefen.

7.1.2. Transnet verseker die integriteit en vertroulikheid van 'n datapersoon se persoonlike inligting in sy besit of onder sy beheer.

7.1.3. Enige operateur of persoon wat 'n datapersoon se persoonlike inligting namens Transnet of 'n operateur verwerk, verwerk sodanige inligting slegs met Transnet se medewete of magtiging, hanteer die persoonlike inligting as vertroulik en maak dit nie bekend tensy dit deur die wet of in die verloop van die behoorlike uitvoer van hul pligte vereis word nie.

7.1.4. Waar daar redelike gronde is om te glo dat die persoonlike inligting van 'n datapersoon deur 'n ongemagtigde persoon toeganklik gemaak of verkry is, stel Transnet die Inligtingsreguleerder en die datapersoon in kennis waar die laasgenoemde se identiteit vasgestel kan word. Transnet sal kennisgewing van die datapersoon slegs vertraag as 'n staatsinstelling wat verantwoordelik is vir die voorkoming, opsporing of ondersoek van oortredings, of die Inligtingsreguleerder, bepaal dat sodanige kennisgewing 'n strafregtelike ondersoek deur die betrokke staatsinstelling sal belemmer.

7.1.5. 'n Datapersoon wat voldoende bewys van identiteit verskaf het, sal die reg gegun word om Transnet te versoek om kosteloos te bevestig of Transnet persoonlike inligting oor die datapersoon hou of nie, en kan die rekord of 'n beskrywing van die persoonlike inligting oor die datapersoon wat deur Transnet gehou word, versoek, insluitende inligting oor die identiteit van alle derde partye wat die datapersoon se persoonlike inligting of toegang daartoe gehad het.

## 7.2. Doeleindes vir die verwerking van persoonlike inligting deur Transnet

7.2.1. Transnet sal persoonlike inligting vir 'n verskeidenheid doeleindes verwerk, onder andere:

- om klanterekords by te hou;
- vir werwingsdoeleindes;
- vir indiensnemingsdoeleindes;
- om doeltreffende dienste aan klante te lewer;
- om toegevoegde waardedienste aan klante te lewer;
- vir die verskaffing van gesondheidsdienste en advies oor welstand aan werknemers;

- vir die byhou van Transnet se rekenings en finansiële rekords;
- om Transnet se werknemers te ondersteun en te bestuur;
- vir die gebruik van tegnologie om Transnet se bates te beveilig;
- om eise te evalueer en te verwerk;
- om bedrog, korrupsie en ander misdade na te speur en te voorkom;
- vir marknavorsing en statistiese ontleding;
- om te voldoen aan wetlike en regulatoriese vereistes;
- om die datapersoon se identiteit te verifieer;
- vir reisdoeleindes;
- vir algemene administrasie, finansiële en belastingdoeleindes;
- vir wetlike en kontraktuele doeleindes;
- om toegang tot Transnet se persele en fasiliteite te monitor en dit te beveilig en te bestuur;
- om die gehalte van Transnet se dienste te help verbeter;
- om skuld in te vorder; en
- om ontleding te doen en klantprofiele op te stel.

## 7.3. Datapersone wie se persoonlike inligting deur Transnet verwerk word

7.3.1. Die kategorieë datapersone wie se persoonlike inligting verwerk word, sluit in:

- lede van die direksie;
- lede van die bestuursraad;
- werknemers en toekomstige werknemers;
- konsultante;
- klagtes en navrae;
- trustees van Transnet Pensioenfondse;
- direkteure, bestuur en werknemers van filiaalmaatskappye;
- eksterne kontrakteurs;
- verskaffers en diensverskaffers;
- klante en hul werknemers;
- mense wat op kringtelevisiebeelde/-video opgeneem is;
- individue wat ’n belangstelling in Transnet se dienste getoon het;

- ontvangers van Transnet se Korporatiewe Maatskaplike Beleggingsinisiatiewe; en
- datapersone wat in Transnet se ondersoeke geïmpliseer word.

## 7.4. Persoonlike inligting wat deur Transnet verwerk word

7.4.1. Die kategorieë van persoonlike inligting wat deur Transnet verwerk word, sluit in:

- persoonlike besonderhede van natuurlike persone;
- leefstyl en sosiale gedrag;
- sakebedrywighede;
- goedere wat verskaf en dienste wat gelewer word;
- persoonlike standpunte en/of voorkeure;
- besonderhede van familie en vriende;
- opleidings- en werkgeskiedenis;
- visuele beelde van individue wat op kringtelevisie opgeneem is;
- finansiële besonderhede; en
- regspersone se maatskappyregistrasiebesonderhede.

## 7.5. Spesiale persoonlike inligting wat deur Transnet verwerk word

7.5.1. Die kategorieë van spesiale persoonlike inligting wat Transnet sal verwerk, sluit in:

- inligting rakende rasse en/of etniese oorsprong;
- inligting oor vakbondlidmaatskap van werknemers;
- oortredings of beweerde oortredings;
- godsdienstige affiliasie of ander oortuigings;
- fisiese of geestelike gesondheidsbesonderhede; en
- strafregtelike sake, uitkomste en vonnisse.

## 7.6. Ontvangers met wie persoonlike inligting gedeel word

7.6.1. Transnet sal persoonlike inligting met die onderstaande ontvangers of kategorieë ontvangers deel. Wanneer die behoefte ontstaan, sal Transnet die persoonlike inligting wat dit verwerk met die datapersone self deel. In die geval van hierdie noodsaaklikheid, móét Transnet voldoen aan die toepaslike bepalings van die Popi-wet. Kategorieë van ontvangers waarmee Transnet om die een of ander rede van die persoonlike inligting moet deel, sluit in:

- familie, genote en verteenwoordigers van die datapersoon;

- indiensnemings- en werwingsagentskappe;
- finansiële dienste-organisasies;
- kredietverwysingsagentskappe;
- gesondheidsorg-, maatskaplike en welsynsorganisasies;
- beroepsgesondheidsorgwerkers;
- sentrale regering;
- wetstoepassingsagentskappe;
- geregshowe, kommissies van ondersoek en ander tribunale;
- sakevennote;
- eisers en begunstigdes in bestorwe boedels;
- persone wat ’n navraag doen of klagte bring;
- privaatondersoekers;
- opvoeders en eksamenrade;
- eise-ondersoekers;
- verskaffers en diensverskaffers;
- bedryfsorganisasies;
- ombudsmanne en reguleringsowerhede;
- skuldinvordering en speuragentskappe;
- ander bedryfsafdelings van Transnet;
- ouditeure en die Ouditeur-generaal;
- pensioenfondsbestuurders;
- vakbonde; en
- sekerheidsorganisasies.

## 7.7. Beplande oorgrensvloei van persoonlike inligting

7.7.1. Transnet sal datapersone se persoonlike inligting van tyd tot tyd dalk met derde partye in ander lande moet deel. Sou dit nodig wees, móét Transnet nakoming van die toepaslike bepalings van die Popi-wet verseker. Dit sal slegs gedoen word as een of meer van die onderstaande vereistes nagekom word, naamlik:

- die derde party wat die inligting ontvang, is onderhewig aan ’n wet, bindende korporatiewe reëls of ’n bindende ooreenkoms wat ’n behoorlike vlak van beskerming bied wat die beginsels vir die billike verwerking van die inligting doeltreffend handhaaf wat in wese eenders is as die voorwaardes vir die wettige verwerking van persoonlike inligting rakende ’n datapersoon wat ’n

natuurlike persoon is en, waar van toepassing, 'n regspersoon is, soos uiteengesit in die Popi-wet, en bepalings insluit wat in wese eenders is as artikel 72 van die Popi-wet rakende die verdere oordrag van persoonlike inligting van die ontvanger na derde partye wat in 'n ander land is;

- die datapersoon stem in tot die oordrag;
- die oordrag is noodsaaklik vir die nakoming van 'n kontrak tussen die betrokke datapersoon en die maatskappy, of vir die implementering van voor-kontraktuele maatreëls wat in antwoord op die datapersoon se versoek geneem is;
- die oordrag is noodsaaklik vir die aangaan of nakoming van 'n kontrak wat aangegaan is in die belang van die datapersoon tussen die betrokke maatskappy en 'n derde party; of
- die oordrag is tot die datapersoon se voordeel en dit is nie geredelik uitvoerbaar om die datapersoon se instemming vir daardie oordrag te bekom nie, en sou dit geredelik uitvoerbaar gewees het om sodanige instemming te bekom, die datapersoon dit waarskynlik sou gegee het.

### 7.8. Algemene beskrywing van die IT-sekerheidsmaatreëls wat in Transnet geïmplementeer word

7.8.1. Transnet gebruik tegnologie om data onder sy sorg te stoor. Ons voldoen aan die hoogste IKT-nywerheidstandaarde om maatskappyinligting te beskerm en ons gebruik 'n verskeidenheid sekerheidslae om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van ons data en inligting (persoonlike inligting inkluis) te beskerm en te beveilig.

## 8. OORWEGING VAN U VERSOEK

8.1. Behoudens die bepalings van PAIA en die Popi-wet sal toegang tot rekords wat by Transnet versoek word, slegs gegee word as:

- al die prosedurele vereistes wat in PAIA en die Popi-wet met betrekking tot 'n versoek uiteengesit is, nagekom word; en
- toegang tot die versoekte rekord(s) nie kragtens enige gronde vir weiering wat in PAIA uiteengesit is, geweier is nie.

8.2. Die gronde vir weiering is uiteengesit in Hoofstuk 4 van Deel 2 van PAIA en sluit in die verpligte beskerming van:

- kommersiële inligting van 'n derde party;
- sekere vertroulike inligting;

- die veiligheid van individue en die beskerming van eiendom;
- rekords wat in regsgedinge uitgesluit is van blootlegging weens bevoorregting;
- die ekonomiese belange en finansiële welstand van die Republiek en die kommersiële bedrywighede van staatsinstellings;
- navorsingsinligting van 'n derde party en die beskerming van navorsingsinligting van 'n staatsinstelling; of
- sekere inligting oor die bedrywighede van staatsinstellings.

8.3. Transnet kan versoeke ook weier wat ander wetgewing, onder andere die Popi-wet, oortree.

## 9. VOORGESKREWE GELDE

9.1. PAIA sit twee soorte gelde uiteen, naamlik versoekgeld en toegangsgeld, wat betaal móét word alvorens Transnet 'n versoek vir inligting verwerk.

9.2. 'n Persoonlike versoeker, d.w.s. 'n versoeker wat toegang versoek tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor daardie versoeker bevat, hoef nie die versoekgeld te betaal nie. Enige ander versoeker sal sodanige geld móét betaal, onderhewig aan die kwytskeldings wat hieronder uiteengesit word.

9.3. Toepaslike gelde is soos volg:

- Die gelde vir reproduksie van hierdie Handleiding en rekords is uiteengesit in Bylae 2.
- Die versoekgeld betaalbaar deur elke versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, is uiteengesit in Bylae 2.
- Die toegangsgeld betaalbaar deur 'n versoeker waarna in artikel 22(7) verwys word, tensy dit kwytgeskeld is ingevolge artikel 22(8) van die Popi-wet, is uiteengesit in Bylae 2.

9.4. Die persone wat kwytgeskeld is van die betaling van versoek- en toegangsgeld, sluit in:

- 'n enkelopende persoon wie se jaarlikse inkomste ná toelaatbare aftrekkings nie meer as R14 712,00 per jaar is nie; en
- getroude persone, of 'n persoon en sy of haar lewensmaat, wie se jaarlikse inkomste ná toelaatbare aftrekkings nie meer as R27 192,00 per jaar is nie.

9.5. Gelde is ook nie onder die volgende omstandighede betaalbaar nie:

- Waar die koste van die invordering van enige geld met betrekking tot die soektog en voorbereiding van 'n rekord vir openbaarmaking die bedrag oorskry wat gehef is, is sodanige geld nie van toepassing nie;

- die toegangsgeld met betrekking tot die soektog, voorbereiding en openbaarmaking van rekords is nie van toepassing op ’n versoeker se persoonlike rekord nie; en
- die versoek- en toegangsgeld is nie van toepassing op ’n rekord wat versoek word deur ’n onderhoudsbeampte of onderhoudsondersoeker vir die doeleindes van ’n onderhoudsondersoek of navrae kragtens die bepalings van die Wet op Onderhoud, 1998 (Wet 99 van 1998) of die regulasies wat kragtens artikel 44 van die Wet gemaak is nie.

## 10. REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS

Ons verskaf hiermee ’n lys van rekordkategorieë wat outomaties beskikbaar is vir versoekers sonder dat iemand toegang kragtens PAIA moet versoek, soos vereis deur artikel 15 van PAIA.

### 10.1. Afskrifte van rekords wat outomaties gratis beskikbaar is

- Transnet MSB Bpk. se Geïntegreerde Verslag;
- Transnet MSB Bpk. se Jaarstate; en
- Transnet MSB Bpk. se Volhoubaarheidsverslag.

### 10.2. Dokumentasie en inligting betreffende Transnet MSB Bpk. wat gehou word deur die Maatskappye- en Intellektuele Eiendomskommissie

- RSR oortredingskennisgewings;
- Transnet patentelys;
- klasaksiekennisgewings;
- Transnet beursinligting en loopbane;
- kabeldiefstalstatistieke;
- Transnet bedryfsmaatreëls vir inperking (27 Maart 2020);
- TNPA Kennisgewing 4 oor Gesondheidsrisikowaarskuwing – COVID-19 (20 Maart 2020);
- Tariefaansoek – Nasionale Hawe-owerheid vir die tariefjaar 2020;
- Tariefboek, April 2020 tot 31 Maart 2021;
- Verdieping van vasmeerplek aan die kus;
- Bosmanskop-substasie;
- Gauteng;
- Leeufontein;
- Port Nolloth lighuisprojek;
- Kaapstad-hawe;
- Durban-hawe;

- Ngqura-hawe;
- Sishen–Saldanha spoorlyn;
- Swazi Spoorverbinding;
- Teenbedrog- en teenkorrupsiebeleid, 2021;
- Ouditkomitee se Mandaathandves; en
- Kontrolelys van dokumente vir nuwe verskeperaansoeke.

*Afskrifte van alle rekords wat hierbo gelys is, is slegs gratis beskikbaar as daar op enige gegewe tyd beskikbare voorraad in druk is. Toegang tot hierdie rekords sal aan versoekers toegestaan word ten opsigte van 'n versoek vir toegang tot rekords, behoudens die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000.*

### 10.3. Rekords wat outomaties beskikbaar is onderhewig aan betaling van die voorgeskrewe geld

| No. | Beskrywing |
|---|---|
| 1. | Alle dokumente met betrekking tot die inkorporering van Transnet MSB Bpk. wat deur die Transnet Korporatiewe Sentrum gehou word. |
| 2. | Besonderhede van Transnet MSB Bpk. se ouditeure |
| 3. | Besonderhede van die pensioenfonds en mediese fondse wat deur Transnet MSB Bpk. gebruik word, se aktuarisse. |
| 4. | Reëls van bystands-, behuisings- en mediese skemas en fondse. |
| 5. | Nuusbriewe. |
| 6. | CAMCO-beeldneming/ingangs-/uitgangshek beeldneming van vrag (waar beskikbaar). |

Versoekers sal in kennis gestel word van voorgeskrewe gelde met ontvangs van 'n versoek vir toegang tot rekords. Toegang tot hierdie rekords sal aan versoekers toegestaan word in verband met 'n versoek vir toegang tot rekords, behoudens die bepalings van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000.

## 11. DIENSE BESKIKBAAR AAN DIE PUBLIEK

### 11.1. Transnet Nasionale Hawe-owerheid

- Beplan, verskaf, onderhou en verbeter hawe-infrastruktuur;
- stel 'n hawe-ontwikkelingsraamwerkplan vir elke hawe op en werk dit van tyd tot tyd by, wat die Owerheid se beleid vir hawe-ontwikkeling en grondgebruik binne sodanige hawe moet weerspieël;

- verskaf of reël pad- en spoortoegang binne hawens;
- handhaaf die volhoubaarheid van die hawens en hul omgewings;
- reguleer en beheer die ontwikkeling van hawens;
- beheer grondgebruik binne hawens en het die mag om grond onder sodanige omstandighede as wat die Owerheid mag bepaal, te verhuur;
- reël infrastruktuurdienste soos water, elektrisiteit, internet, riool en telekommunikasie binne hawens;
- reguleer en beheer die oplaai, aflaai en berging van vrag en die aanboordgaan en aanwalkoming van passasiers;
- reguleer en beheer vraghanteringsfasiliteite aan wal;
- reguleer en beheer besoedeling en die beskerming van die omgewing binne hawegrense;
- reguleer en beheer die verbetering van veiligheid en sekerheid binne hawegrense;
- skryf die perke voor waarbinne, en die vlakke waartoe, uitgrawingswerk in die hawens gedoen mag word en die benaderings wat dit betref;
- verseker dat voldoende, bekostigbare en doeltreffende hawedienste en -fasiliteite verskaf word;
- oefen lisensiërings- en beheerfunksies uit met betrekking tot hawedienste en -fasiliteite;
- verseker dat enige persoon wat enige hawedienste en -fasiliteite moet lewer, by magte is om daardie dienste en fasiliteite doeltreffend te verskaf;
- bevorder doeltreffendheid, betroubaarheid en ekonomie aan die kant van gelisensieerde operateurs in ooreenstemming met erkende internasionale standaarde en openbare vraag;
- bevorder die verwesenliking van gelykheid deur maatreëls wat ontwerp is om mense of kategorieë mense wat histories benadeel is deur onbillike diskriminasie in die bedryf van fasiliteite in die hawe-omgewing, te bevorder;
- bevorder die gebruik, opknapping en ontwikkeling van hawens;
- adviseer oor alle kwessies wat verband hou met die hawe-sektor, -dienste en -fasiliteite;
- bevorder groter verteenwoordiging, veral om die deelname aan terminaalhawebedrywighede deur histories benadeelde mense te vergroot;

- oefen die lisensiëring van die oprigting en bedryf van aflandige vraghanteringsfasiliteite en verwante dienste uit;
- voer internasionale verpligtinge uit wat verband hou met hawens of fasiliteer dit;
- vergemaklik die uitvoer van die funksies van enige staatsinstelling in ’n hawe;
- bevorder navorsing en ontwikkeling in die sfere van hawe-dienste en -fasiliteite;
- reguleer en beheer navigasie binne hawegrense en die nadering tot die hawens;
- reguleer en beheer die toegang van vaartuie in hawens in, hul teenwoordigheid, bewegings of bedrywighede binne en verlating van hawens;
- bied of reël sleepvaartuie, navigasiebote en ander fasiliteite en dienste vir die navigasie en vasmeer van vaartuie in die hawens; en
- verleen, beheer en handhaaf vaartuigverkeersdienste.

Vir inligting oor hoe om toegang tot sodanige dienste te verkry, moet u Transnet se webwerf asseblief by www.transnet.net besoek.

### 11.2. Transnet Pyplyne

- Besit, bedryf en hou ’n netwerk van hoëdruk petroleum- en gaspyplyne in stand en verskaf vervoer en berging van petroleumprodukte; en
- vervoer petroleum en gas.

Vir inligting oor hoe om toegang tot sodanige dienste te verkry, moet u Transnet se webwerf asseblief by www.transnet.net besoek.

### 11.3. Transnet Haweterminale

- Bestuur die bedryf van Suid-Afrika se sewe (7) groot hawens;
- sorg vir die op- en aflaai van vrag;
- verskaf waarde-toegevoegde dienste, insluitende die verpakking en uitpak van vrag en in-transitoberging; en
- het die visie om die logistieke sakevennoot van voorkeur te wees.

Vir inligting oor hoe om toegang tot sodanige dienste te verkry, moet u Transnet se webwerf asseblief by www.transnet.net besoek.

### 11.4. Transnet spoorvrag

- Transnet Spoorvrag se vernaamste besigheid lê in oplossings van vraglogistiek wat ontwerp is vir klante in nywerheidsgebaseerde ondernemingsegmente, insluitende mynbou, swaar en ligte vervaardiging.

Vir inligting oor hoe om toegang tot sodanige dienste te verkry, moet u Transnet se webwerf asseblief by www.transnet.net besoek.

### 11.5. Transnet Ingenieurswese

- is 'n ingenieursonderneming;
- is 'n toonaangewende Suid-Afrikaanse opgradeerder en opknapper van spoorverwante produkte;
- knap spoorwegprodukte, lokomotiewe en waens op en verbeter dit; en
- verskaf onderdele vir spoorvragprodukte en bou spoorvragwaens.

Vir inligting oor hoe om toegang tot sodanige dienste te verkry, moet u Transnet se webwerf asseblief by www.transnet.net besoek.

### 11.6. Transnet Eiendomme

- Transnet Eiendomme se huidige portefeuljevermoë sluit verhuring en huuradministrasie, daaglikse bestuur (bedryf), fasiliteitsbestuur en eiendomsadministrasie (fakturering en invordering) in.
- Transnet Eiendomme bied ook gespesialiseerde eiendomsdienste aan die ander Transnet bedryfsafdelings wat hierbo uiteengesit is, asook aan die Transnet Korporatiewe Sentrum.
- Tans sluit dit in die vernaamste dienste in eiendomwaarderingsmonitoring, grondlandmeting en registrasie, eiendomsinventarisbestuur en geografiese inligting, asook rekord- en titelbestuur.

### 11.7. Transnet Spoorinfrastruktuurbestuur

- Transnet Spoorinfrastruktuurbestuur is verantwoordelik vir die bestuur, instandhouding en ontwikkeling van Transnet se nasionale spoorinfrastruktuurnetwerk, insluitende spore, sinjale, elektriese infrastruktuur en verwante spoorbates.

Vir inligting oor hoe om toegang tot sodanige dienste te verkry, moet u Transnet se webwerf asseblief by www.transnet.net besoek.

## 12. U REGSMIDDELE

12.1. 'n Versoeker (of 'n derdeparty, waar van toepassing) kan regsmiddele by enige hof met toepaslike jurisdiksie in verband met die onderstaande besluite van die Inligtingsbeampte versoek, naamlik:

- weiering of gedeeltelike weiering van die versoek vir toegang;
- die bedrag van gelde wat betaal moet word;
- die verlenging van die tydperk waarbinne die versoek aangespreek moet word; of
- die soort toegang waarin die inligting verskaf sal word.

12.2. Alle regsprosesse moet aan die Adjunk-inligtingsbeampte wat die versoek hanteer het, beteken word.

## 13. REKORDS WAT DEUR TRANSNET GEHOU WORD

Transnet MSB Bpk. hou rekords by oor die onderstaande kategorieë en onderwerpe. Let asseblief egter daarop dat die aantekening van ’n kategorie of onderwerp in hierdie Handleiding nie impliseer dat ’n versoek vir toegang tot sodanige rekords toegestaan sal word nie. Alle versoeke vir toegang sal per geval, in ooreenstemming met die bepalings van PAIA, evalueer word.

### 13.1. Interne rekords

Die rekords wat verband hou met Transnet se eie sake, sluit in:

- finansiële rekords;
- bedryfsrekords;
- immateriële goedere;
- bemarkingsrekords;
- interne korrespondensie;
- statutêre rekords;
- interne beleide en prosedures; en
- rekords wat deur Transnet se amptenare gehou word.

### 13.2. Werknemerrekords

“Werknemer” verwys na enige persoon wat vir of namens Transnet werk of dienste namens Transnet verskaf, of wat geregtig is om enige vergoeding te ontvang, en enige ander persoon wat bystand lewer in die uitvoer van enige werk of dienste vir Transnet. Dit sluit, sonder beperking, departementshoofde, bestuurders, alle permanente, tydelike en deeltydse personeel, sowel as kontrakwerkers in.

Personeelrekords sluit in:

- enige persoonlike rekords wat deur hul personeel aan Transnet verskaf is;
- enige rekords wat ’n derde party aan Transnet oor enige van hul personeel verskaf het;

- diensvoorwaardes en ander personeelverwante kontraktuele en kwasi-wetlike rekords;
- interne evalueringsrekords; en
- ander interne rekords en korrespondensie.

### 13.3. Werkverwante rekords

Werkverwante inligting sluit in:

- enige rekords wat 'n derde party aan Transnet voorsien het; en
- rekords wat deur of binne Transnet ontstaan met betrekking tot werk of dienste, transaksierekords inkluis.

### 13.4. Ander partye

Rekords word gehou met betrekking tot ander partye, insluitende sonder beperking, kontrakteurs, verskaffers, staatsdepartemente en diensverskaffers. Alternatiewelik kan sodanige ander partye rekords besit waarvan gesê kan word dat dit aan Transnet behoort. Die rekords wat onder hierdie kategorieë val, sluit in:

- personeel-, werk- of diensverwante rekords wat deur 'n ander party eerder as deur Transnet gehou word; en
- rekords wat deur Transnet gehou word met betrekking tot ander partye, met insluiting van finansiële rekords, korrespondensie, kontraktuele rekords, rekords wat deur die ander party verskaf is en rekords wat derde partye oor die kontrakteurs/verskaffers verskaf het.

## BYLAE 1: VERSOEKVORM – STAATSINSTELLINGS

## VORM 2

## VERSOEK VIR TOEGANG TOT REKORDS

*[Regulasie 7]*

**LET WEL:**

- Bewys van identiteit moet deur die versoeker aangeheg word.
- Indien die versoek namens 'n ander persoon gebring word, moet bewys van sodanige magtiging by hierdie vorm aangeheg word.

**AAN: Die Inligtingsbeampte**

(Adres) E-posadres: ______________________________________

Faksnommer: ______________________________________

*Merk met 'n "X":*

| Versoek in my eie naam gerig | Versoek namens iemand anders gerig |
|---|---|
| ☐ | ☐ |

## A. VERSOEKER SE PERSOONLIKE INLIGTING

| | |
|---|---|
| **Volle naam** | |
| **Identiteitsnommer** | |
| **Hoedanigheid waarin versoek gebring word (wanneer dit namens iemand anders is)** | |
| **Posadres** | |
| **Straatadres** | |
| **E-posadres** | |

| | |
|---|---|
| **Telefoon (werk)** | |
| **Selfoon** | |
| **Faks** | |

## B. PERSOON NAMENS WIE DIE VERSOEK GERIG WORD SE BESONDERHEDE (indien van toepassing)

| | |
|---|---|
| **Volle naam** | |
| **Identiteits-/Registrasienommer** | |
| **Posadres** | |
| **Straatadres** | |
| **E-posadres** | |
| **Telefoon (werk)** | |
| **Selfoon** | |
| **Faks** | |

## C. BESONDERHEDE VAN VERSOEKTE REKORD

*Verskaf volledige besonderhede van die rekord waartoe toegang versoek word, insluitende die verwysingsnommer as u dit het, om opsporing van die rekord moontlik te maak. As die spasie wat voorsien is, onvoldoende is, moet u asseblief op 'n aparte bladsy aangaan en dit by hierdie vorm aanheg. U moet al die bykomende bladsye onderteken.*

| | |
|---|---|
| **Beskrywing van rekord of tersaaklike deel van die rekord** | |
| **Verwysingsnommer, indien van toepassing** | |
| **Enige verdere besonderhede van die rekord** | |

## D. SOORT REKORD (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")

| | |
|---|---|
| Rekord is in geskrewe of gedrukte vorm | ☐ |
| Rekord bestaan uit virtuele beelde (insluitende foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargegenereerde beelde, sketse, ens.) | ☐ |
| Rekord bestaan uit opgeneemde woorde of inligting wat in klank weergegee kan word | ☐ |
| Rekord word op 'n rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou | ☐ |

## E. SOORT TOEGANG (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")

| | |
|---|---|
| Gedrukte kopie van rekord (insluitende kopieë van enige virtuele beelde, transkripsies en inligting wat op rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word) | ☐ |
| Geskrewe of gedrukte transkripsie van virtuele beelde (dit sluit in foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargegenereerde beelde, sketse, ens.) | ☐ |
| Transkripsie van klankbaan (geskrewe of gedrukte dokument) | ☐ |
| Kopie van rekord op geheuestokkie (virtuele beelde en klankbane inkluis) | ☐ |
| Kopie van rekord op kompakskyf (virtuele beelde en klankbane inkluis) | ☐ |
| Kopie van rekord op wolkgebasseerde stoorbediener gestoor | ☐ |

## F. SOORT TOEGANG (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")

| | |
|---|---|
| Persoonlike insae in rekord by geregistreerde adres van staats-/privaat instelling (insluitende om na opgeneemde woorde te luister, inligting wat in klank gereproduseer kan word of inligting wat op rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word) | ☐ |
| Posdienste na posadres | ☐ |
| Posdienste na straatadres | ☐ |
| Koerierdiens na straatadres | ☐ |
| Faks van inligting in geskrewe of gedrukte formaat (transkripsies inkluis) | ☐ |
| E-pos van inligting (klankbane inkluis, indien moontlik) | ☐ |

| | |
|---|---|
| Wolkdeling/Lêeroordrag | ☐ |

| | |
|---|---|
| ***Taal van voorkeur (Sou die rekord nie beskikbaar wees in die taal wat u verkies nie, kan toegang verleen word in die taal waarin die rekord beskikbaar is.)*** | |

## G. BESONDERHEDE VAN DIE REG WAT UITGEOEFEN OF BESKERM MOET WORD

*Indien die spasie wat voorsien word onvoldoende is, moet u asseblief op 'n aparte bladsy voortgaan en dit by hierdie vorm aanheg. Die versoeker moet al die bykomende bladsye onderteken.*

| | |
|---|---|
| **Dui aan watter reg uitgeoefen of beskerm moet word** | |
| **Verduidelik waarom die versoekte rekord benodig word vir die uitoefening of beskerming van die reedsvermelde reg** | |

## H. GELDE

*Versoekgeld moet betaal word voordat die versoek oorweeg sal word. U sal verwittig word van die bedrag van die toegangsgeld wat betaal moet word. Die geld betaalbaar vir toegang tot 'n rekord, hang af van die vorm waarin toegang verlang word en die billike tyd wat benodig word om vir die rekord te soek en dit voor te berei. Sou u kwalifiseer vir kwytskelding van die betaling van enige geld, moet u asseblief die rede vir kwytskelding verstrek.*

| | |
|---|---|
| **Rede vir kwytskelding** | |

U sal op skrif in kennis gestel word of u versoek goedgekeur of afgekeur is en, indien dit goedgekeur is, wat die koste is wat verband hou met u versoek, indien enige. Dui asseblief u korrespondensie van voorkeur aan:

| Posadres | Faks | Elektroniese kommunikasie (spesifiseer asseblief) |
|---|---|---|
| | | |

Onderteken te ____________________ op hierdie _________ dag van _________________ 20____.

_________________________________________

*Versoeker/Persoon namens wie die versoek gebring word se handtekening*

## VIR KANTOORBRUIK

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer** | |
| **Versoek ontvang deur (Inligtingsbeampte se rang, naam en van)** | |
| **Datum ontvang** | |
| **Toegangsgeld** | |
| **Deposito (indien enige)** | |

_________________________________________

*Inligtingsbeampte se handtekening*

## BYLAE 2: GELD TEN OPSIGTE VAN STAATSINSTELLINGS

Die geld wat beoog word in hierdie bylae, is dié wat voorgeskryf is ingevolge artikel 22 en artikel 54 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, saamgelees met die regulasies wat ingevolge daarvan gemaak is.

### Deel A – Reproduksie van die Handleiding en rekords

| Item | Geld |
|---|---|
| Vir elke fotokopie van ’n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan | R1,10 |
| Vir elke gedrukte kopie van ’n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan, wat op ’n rekenaar of in ’n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word | R0,75 |
| Vir ’n kopie in ’n rekenaarleesbare vorm op ’n kompakskyf | R70,00 |
| Vir ’n transkripsie van visuele beelde, vir ’n A4-grootte bladsy of ’n gedeelte daarvan | R40,00 (diens) R60,00 (kopie) |
| Vir ’n kopie van visuele beelde | R60,00 |
| Vir ’n transkripsie van ’n klankopname, vir ’n A4-grootte bladsy of ’n gedeelte daarvan | R20,00 |
| Vir ’n kopie van ’n klankopname | R30,00 |

### Deel B – Versoekgeld

Die versoekgeld wat deur elke versoeker betaalbaar is, behalwe ’n persoonlike versoeker self, is R50,00.

### Deel C – Toegangsgeld

| Item | Geld |
|---|---|
| Fotokopie van ’n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan | R1,10 |
| Gedrukte kopie van ’n A4-grootte bladsy of gedeelte daarvan, wat op ’n rekenaar of in ’n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word | R0,75 |
| Kopie in ’n rekenaarleesbare vorm op ’n kompakskyf | R70,00 |
| Transkripsie van visuele beelde, vir ’n A4-grootte bladsy of ’n gedeelte daarvan | R40,00 |

| Item | Geld |
|---|---|
| Kopie van visuele beelde | R60,00 |
| Transkripsie van ’n klankopname, vir ’n A4-grootte bladsy of ’n gedeelte daarvan | R20,00 |
| Kopie van ’n klankopname | R30,00 |
| Om ’n rekord te soek en voor te berei vir openbaarmaking, vir elke uur of gedeelte van ’n uur, wat redelikerwys nodig is vir sodanige soektog en voorbereiding (soektog langer as 6 ure) | R30,00 |
| Posgeld, e-pos of enige ander elektroniese oordrag | Werklike koste |

## Deel D – Deposito’s

Wanneer die soektog vir ’n rekord en die voorbereiding van sodanige rekord vir openbaarmaking langer as ses (6) ure geskat word, is ’n deposito van een-derde van die toegangsgeld betaalbaar voordat die versoek verder verwerk word.

## Deel E – Bankbesonderhede vir betaling van geld

| | |
|---|---|
| **Bank se naam** | oooo |
| **Rekeninghouer se naam** | Transnet MSB Bpk. |
| **Soort rekening** | oooooo |
| **Rekeningnommer** | ooooo |
| **Takkode** | oooooo |
| **Verwysing** | Versoeker se naam + PAIA-verwysingsnommer |
| **Rig bewys van betaling aan** | Paia2@transnet.net |